



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION



GRAAD 11

NOVEMBER 2010

REKENINGKUNDE

PUNTE: 300

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit 6 verpligte vrae.
2. Beantwoord AL die vrae in die spesiale antwoordeboek wat voorsien word.
3. Waar nodig, moet berekeninge getoon word om deelpunte te verdien.
4. Nieprogrammeerbare rekenaars mag gebruik word.
5. Jy mag 'n donker potlood of swart/blou pen gebruik om die vrae te beantwoord.
6. 'n Uiteensetting van die vrae word voorsien. Jy moet probeer om by die voorgestelde tyd vir elke vraag te hou.

Gebruik die inligting in die onderstaande gegewe tabel as 'n riglyn om die vraestel te beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG 1: (32 punte; 19 minute)	
Onderwerp van die vraag	Leeruitkomst gedek:
Bankversoening	LU1 – Finansiële Inligting AS4 – Berei 'n Bankversoeningstaat voor LU3 – Bestuurshulpbronne AS6 – Interne Ouditeursprosesse

VRAAG 2: (90 punte; 54 minute)	
Onderwerp van die vraag	Leeruitkomst gedek:
Vennootskappe	LU1 – Finansiële Inligting AS1 – Rekenkundige begrippe AS2 – Aantekening van inligting AS5 – Finansiële State LU3 Bestuursrekeningkunde AS3 – Bateverkope

VRAAG 3: (45 punte; 27 minute)	
Onderwerp van vraag	Leeruitkomst gedek:
Niewinsgewende besighede(Klubs)	LU1 – Finansiële Inligting AS2 – Sportklub inligting LU3 – Bestuurshulpbronne AS6 – Interne Ouditeursprosesse

VRAAG 4: (40 punte; 24 minute)	
Onderwerp van vraag	Leeruitkomst gedek:
Vervaardigingsbesighede	LU2 – Bestuursrekeningkunde AS2 – Koste-begrippe

VRAAG 5: (43 punte; 26 minute)	
Onderwerp van vraag	Leeruitkomst gedek:
Kontantbegrotings	LU2 – Bestuursrekeningkunde AS3 – Voorbereiding van Kontantbegrotings

VRAAG 6: (50 punte; 30 minute)	
Onderwerp van vraag	Leeruitkomst gedek:
Voorraadstelsels en Vaste Bates	LU3 – Bestuurshulpbronne AS3 – Vaste Bates AS4 – Voorraadstelsels

VRAAG 1**BANKVERSOENING****(32 punte; 19 minute)**

Die volgende inligting verskyn in die boeke van Jomo Winkels.

OPDRAGTE:

1. Bereken die banksaldo wat in die Algemene Grootboek sal verskyn nadat die onderstaande inligting in berekening gebring is.
(*Alle berekeninge moet getoon word om deelpunte te verdien.*) (16)
1. Berei die Bankversoeningstaat op 31 Julie 2010 voor. (8)
1. Gee TWEE voorbeelde van aftrekkings op die bankstaat wat bankkoste uitmaak. (2)
1. Verduidelik aan die nuwe kassier waarom jy aandring dat daar elke maand 'n Bankversoeningstaat gedoen moet word. (*Drie redes*) (6)

INLIGTING:

1. Inligting van die Bankversoeningstaat op 30 Junie 2010:

Kredietsaldo soos per Bankstaat	4 670
Deposito nog nie deur die bank aangeteken nie	980
Uitstaande tjeks: No. 123	200
No. 147	520
No. 152	1 380
Foutiewe debiet inskrywing op die Bankstaat	250
Saldo soos per bankrekening	?

2. Die voorlopige totale van die kontantjoernale was op 31 Julie 2010 soos volg:

Kontantontvangste Joernaal	5 280
Kontantbetalings Joernaal	7 770

3. 'n Deposito van R1 250 op 30 Julie 2010, in die KOJ, verskyn nie op die bankstaat nie.
4. Tjek No. 167 vir R430, No 178 vir R540 en No. 182 vir R725 in die Kontantbetalings Joernaal is nog nie vir betaling aangebied nie. Tjek No. 182 was vir die verf en oordoen van die stoorkamer. Die tjek het verlore geraak. Die tjek moet gekanselleer word en 'n nuwe tjek sal eers in Augustus 2010 vir die uitgawe uitgereik word.
5. Tjek No. 123 (gedateer 1 Desember 2009) is uitgereik aan KWT Jeugklub, as 'n donasie. Daar is vasgestel dat die klub nie meer bestaan nie.
6. Tjek No. 152 is uitgereik aan krediteur, XG Voorsieners ter vereffening van ons rekening. Die tjek is gedateer 25 Augustus 2010.
7. Die volgende is waargeneem op die bankstaat wat ontvang:
- Bankkoste, R55.
 - Direkte deposito van R140 vir Rente op Vaste Deposito
 - Debietorder betaling aan BC Munisipaliteit vir munisipale dienste, R840.
 - 'n Inskrywing vir R250 vir 'n verbetering van 'n foutiewe inskrywing in die vorige maand.
 - Tjek No.147 vir R250 (die korrekte bedrag van die tjek) vir die eienaar se persoonlike versekering.
 - 'n Tjek van R 350 ontvang van 'n debiteur, is geweier. Die tjek is ontvang ter vereffening van sy uitstaande skuld van R380.
8. Die saldo op die bankstaat was nie duidelik nie. Die bedrag moet bereken word.

VRAAG 2**VENNOOTSKAPPE – FINANSIËLE STATE****(90 punte ; 54 minute)****2. Inkomstestaat**

1

OPDRAG

Die volgende inligting is 'n uittreksel van die boeke van Lumka Handelaars op 28 Februarie 2010, die einde van hul finansiële jaar. Deur van die inligting gebruik te maak, doen die volgende:

- 2.1.1 Boek oor na die Bateverkope rekening in die Algemene Grootboek.
(Verwys na 2.3 in die onderstaande aansuiwerings) (7)
- 2.1.2 Stel die **Inkomstestaat** vir die jaar eindigende op daardie datum op. (36
(Toon alle berekening in hakies om deelpunte te verdien.))

INLIGTING

1. Die volgende Wins en Verliesrekening is deur 'n onervare boekhouer opgestel. Na 'n ondersoek het dit aan die lig gekom dat die aansuiwerings nie in berekening gebring is nie. 'n Paar foute is ook opgemerk.

FINALE REKENINGE AFDELING
WINS EN VERLIESREKENING

Feb. 28	Belasting	3 600	Feb. 28	Handelsrekening	57 000
	Versekering	2 340		Huurinkomste	20 150
	Salarisse en Lone	12 660		Korting ontvang	680
	Verbruiksgoedere	2 940		Debiteurekontrole	370
	Telefoon	2 330		Rente-inkomste	1 400
	Waardevermindering	4 220		Opbrengs met verkoop van vaste bate	1 000
	Handelsvoorraad	22 480		Voorsiening van oninbare skulde	900
	Oninbare Skulde	720			
	Diverse uitgawes	8 430			
	Rente op lening	3 000			
	VERDELINGSREKENING	19 280			
	G				
		82 000			82 000

2. Addisionele inligting en Aansuiwerings:

- 2.1 Die debiteurekontrole bedrag is ontvang van 'n debiteur wie se skuld voorheen as oninbaar afgeskryf is.
- 2.2 Die Handelsvoorraad bedrag is die finale voorraad se bedrag toe voorraadopname op 28 Februarie 2010 gedoen is. Die Handelsvoorraad bedrag volgens die Algemene Grootboek was R23 680.
- 2.3 Die opbrengs met verkoop van vaste bates verteenwoordig die bedrag wat van 'n werknemer ontvang is vir 'n ou lessenaar wat op 1 September 2009 aan hom verkoop is. Die lessenaar is vir R1 550 verkoop. Die saldo is nog uitstaande. Die kosprys van die lessenaar was R4 200. Die opgehoopte waardevermindering op 1 Maart 2009 was R2700. Waardervermindering op toerusting word bereken op 10% per jaar op kosprys.
- 2.4 Die bedrag van waardevermindering het nie die verkoop van die lessenaar in berekening gebring nie. Dit verteenwoordig 10% van die toerusting se saldo op 1 Maart 2009. Toerusting is die enigste vaste bate van die besigheid.
- 2.5 Die voorsiening van Oninbare skulde verteenwoordig die saldo op 1 Maart 2009.
Die voorsiening vir oninbare skulde moet aangesuiwer word tot 4% van die Debiteurekontrole se saldo aan die einde van die jaar. Die Debiteurekontrole saldo aan die einde van die jaar is R18 500.
- 2.6 Die telefoonrekening vir Februarie, R 470 is nog nie betaal nie.
- 2.7 Versekering sluit 'n jaarlikse premie van R840 wat op 1 Mei 2009 betaal is in.
- 2.8 Die rente op lening moet nog vir die laaste twee maande betaal word. (Januarie en Februarie 2010).
- 2.9 Die huur vir Maart 2010 is ontvang en gedeponeer.
- 2.10 Ongebruikte verbruiksgoedere bedra R440.
- 2.11 Die besigheid handhaaf 'n winsopslag van 50% op kosprys van goedere aangekoop vir herverkoop. Dit is bereik.

2.2 Balansstaat begrippe en interpretasie.

Die volgende inligting is geneem uit die boeke van AB Winkels (met vennote Apple en Banana) vir die finansiële jaar wat eindig op 30 Junie 2010. Bestudeer die inligting en antwoord die volgende vrae.

OPDRAG

- 2.2.1 Noem TWEE voordele van vennootskappe as 'n eienaarsvorm. (4)
- 2.2.2 Voltooi die Kapitaal en Privaatrekeninge(lopemde rekeninge) se notas. (28)
- 2.2.3 Wat is die totale bedrag wat deur Apple verdien is? (2)
- 2.2.4 Bereken die persentasie opbrengs op Apple se ekwiteit. (5)
- 2.2.5 Kan Apple tevrede voel met haar opbrengs? Watter finansiële aanwysers kan gebruik word om dit te regverdig? (2)
- 2.2.6 Lewer kommentaar op die finansiële risiko(hefboomeffek) van die besigheid. Gebruik 'n toepaslike verhouding om jou antwoord te motiveer. Die hefboomverhouding van die vorige jaar was **0,8:1**. (6)

INLIGTING

1. Saldo's en totale(onder andere)

	30 Junie 2010	30 Junie 2009	
Kapitaal: Apple	?	150 000	
Kapitaal: Banana	160 000	200 000	
Privaatrekening: Apple	?	6 666	(Dt.)
Privaatrekening Banana	?	5 432	)
Onttrekkings: Apple	70 992		
Onttrekkings Banana	66 960		
Vaste Deposito	15 000		
Lening: ZZ Bank	250 000		
Wins en Verliesrekening(Netto wins)	189 736		

2. Op 1 Januarie 2010 het albei die vennote veranderinge aan hul kapitaalbydraes gemaak. Apple verhoog haar kapitaalbydrae met 15%.
3. Die vennootskapsooreenkoms maak voorsiening vir die volgende:
- **Vennote se salaris**
Die vennote onttrek hulle toelae elke maand. Dit word gereflekteer in hulle Onttrekkings saldo's soos hierbo aangetoon. Apple het haar salaris vir die jaar onttrek, maar Banana het nog nie sy salaris vir Junie 2010 onttrek nie. Salarisse verhoog met 8% per jaar op 1 April elke jaar.
 - **Rente op Kapitaal**
Rente op kapitaal word voorsien teen 12% per jaar op kapitaalsaldo's.

- **Oorblywende Wins/Verlies:** Daar is ooreengekom dat die oorblywende wins of verlies in die verhouding van hulle kapitaalsaldo's soos aan die *begin* van die jaar verdeel sal word.

[90]

VRAAG 3**NIE-WINSGEWENDE ORGANISASIES (KLUBS)****(45 punte; 27 minute)****OPDRAG****3.1. Verwys na Inligting A.**

- 3.1.1 Boek oor na die Ledegeldrekening in die Algemene Grootboek. (18)
- 3.1.2 Die tesourier het gerapporteer dat sy nie tevrede is met die manier hoe die insameling van die ledegeld bestuur word nie. Gee TWEE redes waarom jy dink dat sy so daaroor voel. (4)
- 3.1.3 Noem TWEE maniere hoe dié situasie verbeter kan word. (2)
- 3.1.4 Die tesourier is nie seker oor die totale kontant wat bestee is om Verversings aan te koop nie. Jy word gevra om haar te help om die bedrag te bepaal.
(*Berekeninge moet getoon word om deelpunte te verdien.*) (8)
- 3.1.5 Die voorsitter voel dat die klub meer geld behoort te maak met die verkoop van Verversings. Hy is nie tevrede dat die kiosk bestuurder alleen verantwoordelik is vir die interne beheer van Verversings nie. Stel TWEE maniere voer hoe hy die interne beheer kan verbeter. (4)

3.2 Verwys na Inligting B.

Vir elkeen van die volgende transaksies, vul **slegs** die **bedrae** in die gepaste kolom/me in die tabel wat voorsien word in. Verwys na die voorbeeld. (9)

Inligting A

Die volgende inligting is geneem uit die boeke van Braelynn Tennisklub vir die finansiële jaar eindigende 31 Desember 2009;

1. Saldo's 1 Januarie 2009 (*onder andere*)

Opgelope inkomste (Ledegeld)	960
Vooruitontvange inkomste (Ledegeld)	240
Voorraad: Verversings	940

2. Uittreksel van die Ontvangste- en Betalings Joernaal op 31 Desember 2009:

ONTVANGSTES		BETALINGS	
Ledegeld 2008	640	Ledegeld terugbetaal	80
2009	2 310	Verversings gekoop	?
2010	210		
Verversings verkoop	7 100		
Intreegeld	1 050		

3. Inligting oor fooiestruktuur:

- Toetreegeld is R150 per nuwe lid, betaalbaar binne 30 dae nadat by klub aangesluit is.
- Ledegeld is R80 per lid per jaar.
- Nuwe lede wat voor 30 Junie by die klub aansluit, betaal die volle bedrag van R80 en die wat na Junie aansluit, betaal R50.

4. Ledegeld inligting

- Op 1 Januarie 2009 het die klub 42 lede gehad
- 4 Nuwe lede het gedurende April en Mei by die klub aangesluit en 3 nuwe lede het in September 2009 aangesluit. Alle nuwe lede het hul intreegelde en ledegeld in volle betaal.
- Die ledegeld wat terug betaal is, was vir 'n lid wat haar ledegeld in 2008 vir 2009 betaal het. Sy het getrou en na 'n ander dorp verhuis.
- Die uitstaande ledegeld van 2008 moet afgeskryf word en daardie lede se lidmaatskap moet beëindig word.
- Die Sekretaris het versoek dat 'n gedeelte van sy honorarium vir sy ledegeld vir 2009 gebruik moet word.
- Sommige lede het nie hul ledegeld vir die jaar betaal nie

5. Verversings

- Verversings ter waarde van R650 is gebruik by die klub se Algemene Jaarvergadering
- Verversings ter waarde van R2 280 is op krediet gekoop.
- Voorraad verversings op 31 Desember 2009 is R1860.
- Verversings word verkoop met 'n konstante winsopslag van 25% op kosprys.

Inligting B

Voorbeeld: Ontvang R180 van lid as ledegeld. R120 is vir die huidige finansiële jaar en R60 is die uitstaande bedrag van verlede jaar.

TRANSAKSIES

- 3.2.1 Intreegeld beloop R80 per lid per jaar. 17 Nuwe lede het by die klub aangesluit en hulle intreegelde ten volle betaal. 75% van die intreegeld moet gekapitaliseer word en die res moet gebruik word vir Diverse uitgawes.
- 3.2.2 Die komitee het ooreengekom om R500 as honorarium aan die Sekretaris te betaal. Hy het besluit dat R240 gebruik kan word

om sy ledegeld vir die volgende jaar te betaal. 'n Tjek vir die res van die bedrag is aan hom uitgereik.

3.2.3 'n Donasie van tennisballe ter waarde van R320 is van PK Sports ontvang.

3.2.4 'n Vaste Deposito by BX Bank het verval. Ontvang 'n tjek ter waarde van R9 520. Hierby ingesluit is rente teen 12% per jaar vir die jaar.

[45]

VRAAG 4

VERVAARDIGINGSBEDRYWE – ONDERNEMINGSVORME

(35 punte; 21 minute)

Die volgende inligting het betrekking op Onthego Vervaardiging vir die jaar eindigende 28 Februarie 2010. Die besigheid vervaardig bagasiesakke.

OPDRAG:

- 4.1 Bereken die totale Oorhoofse vervaardigingsbokoste(oorhoofse) vir die jaar. (15)
- 4.2 Boek oor na die volgende rekeninge in die Algemene Grootboek.
- 4.2.1 Grondstofrekening (8)
- 4.2.2 Goedere-in- bewerking rekening (8)
- 4.3 Die besigheid verkoop die sakke teen R70 elk.
- 4.3.1 Bereken die aantal sakke wat die besigheid moet vervaardig om gelyk te kan breek. (7)
- 4.3.2 Deur gebruik te maak van bogenoemde antwoord, lewer kommentaar op die produksievlak wat die besigheid behaal het. (2)

INLIGTING:

1. Voorraadsaldo's

	28 Februarie 2010	1 Maart 2009
Grondstowwe	14 340	12 880
Goedere-in-bewerking	15 500	15 500
Klaarprodukte	4 350	9 870
Indirekte fabrieksmateriaal	980	1 230

2. Transaksies vir die tydperk eindigende 28 Februarie 2010.

Vraggeld op aankope van grondstowwe per tjek betaal	4 370
---	-------

Kontantaankope en grondstowwe	28 750
Krediet aankope van grondstowwe	43 250
Beskadigde grondstowwe teruggestuur aan krediteure	2 210
Indirekte fabrieksmateriaal aangekoop	3 450
Versekering	2 940
Huuruitgawe	22 400
Lone – Fabriekswerkers (produksie)	66 330
WVF – Fabriekswerkers	670
Instandhouding van fabriek	9 500
Indirekte arbeid (fabriek)	2 635
Water en Elektrisiteit	11 500
Totale administratiewe koste	45 500
Totale verkoops- en distribusiekoste(verspreidingskoste)	97 800

3. Addisionele inligting:

- 3.1 Die administrasiekoste en die verkoops- en distribusiekoste(verspreidingskoste) hier bo gegee, sluit al die aansuiwerings in en verteenwoordig die finale totale van daardie rekeninge.
- 3.2 Die Huuruitgawe word verdeel tussen die fabriek, verkope en kantoor in die verhouding 4:2:1 en twee-derdes van die versekerings-uitgawe is vir die fabriek.
- 3.3 Die fabriek is verantwoordelik vir 85% van die water- en elektrisiteitrekening. Die res is 'n kantooruitgawe.
- 3.4 Waardevermindering op Eiendom, Aanleg en Toerusting word voorsien teen 15% per jaar op drawaarde.
- | | |
|--|--------|
| Eiendom en Aanleg | 77 600 |
| Opgehoopte waardevermindering op Eiendom en Aanleg | 23 400 |
- 3.5 Gedurende die jaar is 4 750 eenhede vervaardig.
- 3.6 **Koste-klassifikasies:**

Direkte materiaalkoste	Almal veranderlike koste
Direkte arbeidskoste	Almal veranderlike koste
Oorhoofse fabriekskoste	Almal vaste koste
Verkoops- en Distribusiekoste(verspreidingskoste)	Almal veranderlike koste
Administratiewe koste	Almal vaste koste

VRAAG 5**BEGROTINGS****(43 punte; 26 minute)****OPDRAG**

Die volgende inligting verskyn in die boeke van Cassinga Handelaars. Gebruik die inligting om die volgende te beantwoord.

- 5.1 'n Debiteure-invorderingskedule om aan te toon wat die verwagte ontvangste van debiteure gedurende die begrotingstydperk, Junie en Julie 2010 gaan wees. (10)
- 5.2 'n Kontantbegroting vir die maande Junie en Julie 2010. (26)
- 5.3 5.3.1 Die eienaar is van mening dat die debiteure nie goed bestuur word nie.
Gee EEN rede om sy gevoel te regverdig deur gebruik te maak van die gegewe inligting. (2)
- 5.3.2 Stel EEN manier voor hoedat die besigheid dié situasie kan verbeter. (2)
- 5.4 Is dit regverdig dat die eienaar sy kapitaalbydrae met R50 000 verminder? Motiveer jou antwoord. (3)

INLIGTING

- Die saldo van die lopende bankrekening op 31 Mei 2010 is R3 200 (oortrokke).
- Verkoopsyfers is soos volg:

Maande van verkope	TOTALE VERKOPE	
	WERKLIKE	BEGROTE
Maart	125 000	
April	186 000	
Mei	156 000	
Junie		204 000
Julie		188 000

- 25% van die totale verkope is kontant.
- Die invordering van kredietverkope geskied soos volg:
 - 25% betaling na 30 dae (maand wat volg op transaksie)
 - 50% betaling na 60 dae
 - 20% betaling na 90 dae
 - 5% word normaalweg as oninbaar afgeskryf

5. Aankope is soos volg:

Maand van Aankope	TOTALE AANKOPE	
	WERKLIKE	BEGROTE
Maart	65 000	
April	90 000	
Mei	86 000	
Junie		100 000
Julie		75 000

Kontantaankope is 30% van die totale aankope
Krediteure word 60 dae na aankope betaal

6. Die besigheid is van plan om ou toerusting(kosprys R6 000) vir R2 500 kontant in Junie 2010 te verkoop.
7. Salarisse en lone bedra R26 000 per maand. Op 1 Julie 2010 gaan dit met 8% verhoog word.
8. Die eienaar onttrek handelsvoorraad ter waarde van R1 200 en R2 800 kontant per maand vir persoonlike gebruik.
9. Die eienaar het besluit dat hy sy kapitaalbydrae gaan verlaag met R50 000 deur die bedrag oor te plaas na sy persoonlike rekening op 5 Julie 2010.
10. Rente op Vaste Deposito bedra R14 760 per jaar, kwartaalliks ontvangbaar op 30 April, 31 Julie, 31 Oktober en 31 Januarie.
11. 'n Gedeelte van die gebou word aan Hi Style Salon verhuur teen R3 500 per maand. Die huur verhoog op 1 Julie elke jaar met 10%.
12. Diverse Bedryfsuitgawes bedra R21 500 per maand en sluit waardevermindering van R2 300 op vaste bates in.

VRAAG 6

VOORRAADSTELSELS / VASTE BATES

(50 punte; 30 minute)

6. VOORRAADSTELSELS

1

6.1.1 BB Winkels maak van die periodieke voorraadstelsel gebruik om voorraad aan te teken.

- Ontleed die volgende transaksies deur van die opskrifte in die antwoordeboek gebruik te maak.
- Neem aan dat die Banksaldo deurgaans ongunstig is.

(24)

TRANSAKSIES:

- A. Kontantverkope volgens kasregisterrol, R1 120.
- B. Koop handelsware op krediet van Jumbo Handelaars, R2 280 min 5% handelskorting.
- C. Die eienaar neem goedere uit voorraad vir eie gebruik, R250.
- D. Z. Nortje (’n debiteur) stuur beskadigde goedere terug. Reik kredietnota vir R65 uit.
- E. Reik ’n tjek vir R380 uit aan HGT Transport vir afleweringkoste op goedere aangekoop van Jumbo Handelaars.
- F. Stuur goedere terug aan Peter Groothandelaars omdat dit nie volgens bestelling was nie. Ontvang hul kredietnota vir R230.

6.1.2 Woods Winkels maak van die deurlopende voorraadstelsel gebruik om hul voorraad aan te teken.

6.1.2.1 Wat is die verskil tussen die periodieke en deurlopende voorraadstelsel om voorraad aan te teken? (*Twee punte*)

(4)

6.1.2.2 Die volgende Rekening verskyn in die Algemene Grootboek. Vul die geskikte besonderhede en bedrae in vir **A** tot **D**.

(5)

ALGEMENE GROOTBOEK VAN WOODS WINKELS

HANDELSVOORRAAD (B4)

2010 Maart	1	Saldo	a/b	12 450	Junie e	3 0	Krediteurekontrole	KA J	740
Junie	3 0	Bank	KBJ	23 470			Koste van Verkope	DJ	C
		Krediteurekontrole	KJ	17 770			A	KO J	9 110
		Koste van Verkope	DA J	560			B	AJ	520

							Saldo	o/d	D
				54 250					
Julie	1	Saldo	a/b	?					

Kredietverkope vir Maart bedra R20 215. Goedere word gemerk teen 30% op kosprys. Daar is ontdek dat kantoorlêers en kwitansieboeke wat vir R520 gekoop is, foutiewelik na die Handelsvoorraad rekening oorgeboek is. 'n Algemene Joernaalinskrywing is gemaak om die fout te herstel.

6. **VASTE BATES:**
2

Die volgende onvoltooide grootboekrekeninge verskyn in die boeke van VCR Winkels. Die finansiële jaar eindig elke jaar op 28 Februarie. Bestudeer die inligting en beantwoord die vrae wat volg:

- 6.2.1 Voltooi die Vaste Bate nota vir Motorvoertuie.
(Toon alle berekeninge.) (9)
- 6.2.2 Jy is aangestel as die Interne Ouditeur van die besigheid. Beskryf kortliks die funksie van die Interne Ouditeur. (Twee punte) (4)
- 6.2.3 Die eienaar voel daar is 'n gebrek aan effektiewe kontrole oor die besigheid se voertuie en vermoed dat sommige voertuie misbruik word. In die bepaling van die kontrole oor vaste bates, watter interne kontrole aspekte sal jy ondersoek? (Twee punte) (4)

INLIGTING:

**ALGEMENE GROOTBOEK VAN VCR WINKELS
MOTORVOERTUIE (B6)**

2009 Maart	1	Saldo	a/ b	120 000	2009 Sept.	1	Onttrekkings	AJ	?
Des	1	Krediteurekontrole	KJ	80 000			Saldo	o/d	170 000

OPGEHOOPTE WAARDEVERMINDERING OP VOERTUIE (B7)

2009 Sept.	1	Bateverkope	AJ	23 340	2009 Maart	1	Saldo	a/b	72 600
					Sept.	1	Waardevermindering	AJ	?
					2010 Feb.	2 8	Waardevermindering	AJ	?

- Die eienaar skenk 'n ou voertuig aan sy seun wat onlangs sy lisensie ontvang het.

- Voertuie word gedepresieer teen 20% per jaar op drawaarde.

[50]

TOTAAL: 300